

25 Februarie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21  
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 5:21 (OAV)  
HK, Vraag 56

### Die vergewing van sondes

“Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde gemaak vir ons ...” Sou ek of jy ooit só iets ongehoords kon sê, as die Woord van God ons nie daarin voorgaan nie? Dit is eintlik ’n skokkende uitspraak hierdie. Juis dié Een uit die hele mensheid aan wie die sonde in geen enkele opsig vat kon kry nie, juis Hy, die Sondelose Mens wat ook God is, word behandel asof Hy die sonde self is: met verwerping, vervloeking, ewige straf, angste en smarte van die hel. Dit is niemand minder nie as sy eie Vader wat Hom dit aandoen nie. God haat ons sonde só “dat Hy – eerder as om dit ongestraf te laat bly – aan sy geliefde Seun met die bittere en smadelike kruisdood gestraf het” (Nagmaalsformulier). Vergewing spreek allermens van “goedkoop genade” (Bonhoeffer). Die duurste prys in die heelal en in die ewigheid is daarvoor betaal!

Maar nou kan ek en jy met die grootste vrymoedigheid bely dat God op grond van die prys wat Christus betaal het, nooit meer aan my sondes, ook nie aan my sondige aard nie – besef jy dit? – dink nie. Sover as die Ooste verwyder is van die Weste, so ver het Hy ons sonde van ons verwyder. God behandel ons nou as vrygespreektes deur ons verbondenheid met Christus. God skenk die geregtigheid van Christus aan my asof dit my eie is (Gal 2:20): “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” Ek is bekleed met Hom. In Christus word ek herskep tot God se “kunswerk”, sy maaksel, sy “gedig” (Ef 2:10). In die dogma sluimer die lied. As dit êrens waar is, dan is dit in hiërdie geloofsartikel!

*Dr. PP Kruger (Meyerspark)*

~~~~~